

07 Soedan



“Ek is vasberade om die Here te bly vertrou, selfs al is dinge onseker.” – Seida* van Soedan

Streek Noord-Afrika

Christen bevolking 4.6%

Meerderheidsgeloof Islam

Bronne van vervolging Islamitiese onderdrukking
Diktatoriale paranoia

Geweld  62%

Druk  90%

Punte  85%

Oor Soedan

Histories is Islam diep gewortel in Soedan se samelewing en die regerende elite beoog om 'n Islamitiese staatsbestel in die land af te dwing. Christene ervaar konstante diskriminasie en druk. Verder is verskeie kerkgeboue gesloop, wat sommige Christene sonder 'n plek van aanbidding gelaat het. Christene is bang om gesprekke oor hul geloof met Soedannese Moslems te voer, want dan loop hulle die gevaar van arrestasie en intimidasie.



Vra God om in die harte van Soedannese regeringsleiers te werk. Mag Hy hulle oortuig om geregtigheid en vrede na te jaag deur die krag van die Heilige Gees.

Ons Werk

Die omvang van die werk deur die plaaslike Kerk in Soedan sluit in verskeie verspreidingsprojekte, dissipelskapopleiding, traumabediening, teologiese opleiding en verskeie projekte vir gemeenskapsontwikkeling.

